

Inhoud Hierdie preek wys dat beslissende oomblikke die mens se eiegeregtige en selfbemaagende kragdadigheid teenoor God ontbloot. In kairos-oomblikke wys die mens dat hy weet sy eie god is 'n niksseggende God wat geen uitkoms kan gee nie. Daarom tree ongelowiges op volgens die druk van omstandighede. Gelowiges vertrou God altyd, ook in beslissende oomblikke, en is dit net nog oomblikke van toewyding en diens.

Skriflesing 1 Samuel 13: 1 - 15

Teks 1 Samuel 13: 12: "het ek gedink: "Nou gaan die Filistyne na my toe aftrek ... terwyl ek nog nie die guns van die Here gesoek het nie."

Tema Onder druk bly gelowiges God vertrou en dien

1. Bepaal die druk van omstandighede ons optrede in beslissende oomblikke of ons tree ons in beslissende oomblikke op uit ons geloof en volgens die waardes van ons diensbaarheid?

Dit is die besondere saak wat met Saul en Samuel aan die orde kom in 1 Samuel 13: hoe tree gelowiges onder die druk van beslissende omstandighede op!

Daar kom gereeld beslissende oomblikke in ons lewens. Dit is oomblikke wat die hele gang van ons lewe verander. Die geestelikes van hierdie wêreld het al 'n spesiale woord uitgedink vir sulke koersveranderende oomblikke in mense se lewens – 'n "kairos"-oomblik! Dit beteken onder andere: "die regte oomblik, die geskikte oomblik, die beslissende oomblik, die laaste kans en daarom ook die kritieke oomblik.

Dit is daardie oomblikke wat jou werk, jou verhouding, jou toekoms, jou posisie, jou sekuriteit en jou sosiale verbintenisse beslissend verander.

Hoe tree jy in só 'n kritieke oomblik op wat alles wat jy ken gaan verander? Volgens die druk van die omstandighede of uit jou geloof en diensbaarheid teenoor die Here?

2. Hoofstuk 13 is een so 'n kritieke oomblik in die kerk van die Here se geskiedenis.

Saul is die eerste koning van Israel wat vir die eerste keer 'n georganiseerde weermag vir Israel op die been moes bring om Israel se voortbestaan te kon verseker teen die georganiseerde weermag van die Filistyne.

Tot en met Samuel het Israel hulle self as gemeenskap verdedig met 'n tipe burgermagstelsel. Elke weerbare Israeliet moes beskikbaar wees om opgeroep te wees vir militêre diens wanneer Israel deur gemeenskaplike vyande bedreig was. Hulle moes hulle eie wapens, kos en vervoer voorsien en is deur gemeenskapsleiers wat hulle geroepe gevoel het om op te tree, rigters, gemobiliseer en in gevegte ingelei.

Hierdie burgermagstelsel alleen was nie meer effektief vir die beskerming en handhawing van die gemeenskapslewe van Israel teen die georganiseerde en

Onder druk bly gelowiges God vertrou en dien

professionele weermagte van die Filistyne nie. Dit was die hoofrede vir die verkiesing van Saul as die eerste koning van Israel.

Saul het die eerste vaste weermag saamgestel soos berig word dat hy 2000 vaste soldate in Noord Israel en 1000 in Suid Israel ontplooi het.

Die oomblik vir die eerste geveg tussen hierdie weermag en die Filistyne is uitgelok deur die geloofsdaad van Saul se seun Jonathan. Hy het 'n wagpos van die Filistyne aangeval wat die provokasie vir 'n oorlog was.

Die Filistyne het hul weermag opgeroep en opgetrek vir 'n veldslag teen Israel en dit het Saul genoodsaak om om die hele burgermag van Israel op te roep vir die eerste en 'n beslissende slag deur die nuwe Israeliese weermag en die Filistyne. Dit is die ramshoring wat geblaas is.

Dit is 'n kairos-oomblik! 'n Beslissende oomblik wat die lewe en toekoms van Israel gaan bepaal.

3. Die druk van hierdie beslissende oomblik op Saul was verskriklik hoog!

Israel was verskrik deur die grote en die omvang van die Filistynse weermag. Die Filistyne het die maak en giet van yster beheer. Daarom kon hulle strydwaens maak wat die Israeliete nie kon maak het nie. Hulle het ook bereide eenhede gehad wat die Israeliete nie gehad het nie. In ons taal moes hulle teen tenks en pantser voertuie veg terwyl te voet is. Die Filistyne het die oop vlaktes van Israel beheer met hierdie wapentuig en Israel moes hul self veilig maak en 'n guerrilla-oorlog voer in die bergagtige gedeeltes van Israel om die Filistyne op gelyke voet te kon aandurf.

Verskrik het die burgermag daarom in grotte, klipskeure, rotswande, grafte in klipprante en opgaarputte weggekrui. Die staande-mag lede van Saul was ook paniekbevange.

Dit was 'n instelling dat met só 'n beslissende oomblik die priester Samuel offers moes bring na 'n bepaalde wagtyd. Dit was presies só met Saul se aanstelling as koning as ook 'n beslissende oomblik: "Jy moet voor my uit na Gilgal toe afgaan. Kyk, ek sal jou toe afkom om brandoffers te offer en maaltydoffers te slag. Sewe dae lank moet jy wag, totdat ek by jou aankom en te kenne gee wat jy moet doen" (1 Sam/10:7)

Omdat Samuel vir ses van die sewe dae se wagtyd weg was en op die sewende dag nie vroeg opgedaag het nie, het die staande-mag lede begin dros.

Die druk van hierdie omstandighede het toe maak dat Saul homself toe sommer die priester maak het en in Samuel se plek die offers gebring.

4. Toe Samuel tydens die offer opdaag en sien wat Saul doen, verklaar hy dat Saul nie geskik is om die amp van koning te vervul nie en dat sy kinders hom nie as koning sal opvolg nie. Hy is nie 'n koning na die hart van God nie.

Onder druk bly gelowiges God vertrou en dien

Saul stel eerlik dat hy nie weet wat hy verkeerd gedoen het nie. Hy het uit noodweer opgetree onder die druk van die omstandighede wat hy uitspel: “omdat ek gesien het dat die manskappe van my af gedros het, dat u self nie op die vasgestelde tyd opgedaag het nie en die Filistyne by Migmas saamgetrek het, ... Ek het toe moed bymekaar geskraap en die brandoffer gebring.” (13: 11) Die troepe en die vyand se weermag is gereed om eerste aan te val, en dan sou Israel uitgelewer gewees het aan die geweld en plundering van die Filistynse weermag. En Samuel was laat!

Volgens Saul was dit 'n kairos-oomblik wat noodmaatreëls vereis het. Saul is oortuig dat die omstandighede noodmaatreëls vereis het, en dat hy dapper genoeg was om te doen wat gedoen moes gewees het om die oomblik te red! Volgens Samuel was hy nie dapper nie, maar het hy homself bewys as ongeskik om vir God koning oor sy volk te wees.

5. Saul se optrede om offers te bring, was nie die rede vir Samuel se aankondiging dat hy nie 'n geskikte koning vir God is nie. Dawid het ook nog offers gebring in die plek van die priesters. Wat Saul bedoel en gedoen het deur self die offers te bring, stel hy uitdruklik: hy het met die offer God se guns gesoek! Dit was Saul se dwaasheid, om God se guns met offers te soek.

Dit was nie Saul se ongeduld en omdat hy nie vir Samuel gewag het, wat sy sonde was nie. Samuel spreek hom nie aan oor hy nie gewag het nie. Dit wat Saul met die offers onder die druk van die omstandighede gedoen het, verklaar Samuel as dwaas. Dwaasheid in die Bybel is die woord vir afgodsdien. Dwaasheid beteken om só op te tree dat jy God se bedoeling met jou lewe en jou diens aan God vernietig. Dit is om só op te tree dat wat jy self nastreef, vernietig.

Saul se dwaasheid is hoé hy offer onder die druk van omstandighede, nie dat hy offer nie.

Wat is die verskil tussen hoe Saul geoffer het en hoe Samuel sou geoffer het?

Brandoffers en maaltyd offers was nooit in die hele Ou Testament 'n manier om God se guns te soek en te wen nie. Dit was tekens waarmee Israel verseker is dat hulle nie deur God vir sondes geoffer word nie, maar dat God vir hulle 'n offer sal gee waardeur hulle aan God se liefde en diens toegewy is. Daarom was die seremoniële wag vir die offer om gesterk te word in die geloof in God se beskikende uitkoms en om jouself en jou lewe aan die diens aan God te wy. Vir die soldate het dit beteken dat hulle in die offers verseker word dat hulle deur God vir hul sondes op die slagveld doodgemaak sal word nie, maar dat hulle hulself a soldate aan die diens van God kan wei en God kan vertrou dat Hy hul diens sal gebruik – ongeag of hulle die veldslag sal wen of verloor.

Dit is presies hoe ons voorouers dit met die Gelofte by Bloedrivier gedoen het. Hulle het hulle aan god gewei met die wete dat God 'n oorwinning of neerlaag kan beskik. Daarom die bewoording “As God vandag oorwinning beskik sal ons hom daarvoor dank en eer.”

Dit is hoe Samuel sou offer!

Onder druk bly gelowiges God vertrou en dien

Saul wen God se guns met die offers! Dit beteken dat hy aan God gee wat God wil hê sodat God hulle sou beloon met die oorwinning omdat God te vrede is met dit wat hulle vir God geoffer het – beeste, skape en bokke!

Dit is die dwaasheid onder die druk van die omstandighede!

Saul gee met die offer vir die bang troepe die sekerheid dat God aan hulle die oorwinning gaan gee, sodat hulle nie meer bang moet wees en dros nie! Sy offers moet die vrees van die troepe besweer en hulle as oorwinnaars mobiliseer omdat hulle God te vrede gestel is.

6. Daarmee het Saul God net nog een van die afgode van al die heidennasies gemaak!

Dit is hoe alle afgodsdienste met God skik – God word deur die leiers en volk tevrede gestel met offers en dan gee God oorwinning.

Wat word met God geskik? Die uitkoms van wat gaan gebeur! Dit is die eiemagtigheid van Saul – hy skik met die bring van offers die uitkoms van wat gaan gebeur. Deur offers word hy só die een wat redding bring, wat oorwinning bring en wat lewe en toekoms skep, want hy het God tevrede gestel en daarom God se guns bewerk.

Dit is ook Saul se eiegeregtigheid. Deur vir God tevrede te stel met offers is hy reg vir God in hierdie veldslag. Hy het homself bemagtig om met die reg en geregtigheid van god te gaan veg.

Afgode is niksseggende gode wat alles wat mense self besluit en wil, bevestig en bekragtig omdat mense hulle gegee het wat hulle as gode nodig het en begeer.

Waarvoor kon Saul nie wag nie?

Dit is nie so dat Saul nie net 'n bietjie langer wou wag vir Samuel omdat Samuel laat was in hierdie kairos-oomblik nie. Die paar ure verskil kon niks aan die oomblik verander nie. Intendeel, Samuel het presies net opgedaag op die tyd wat Saul die offers gebring het.

Waarop Saul nie kon wag nie was die toewyding van sy soldate aan God se diens nie. Hy wou vir hulle 'n voorbeeld van dapperheid stel sodat hy hulle met sy dapperheid kon inspireer. Hy stel dit só: “Ek het die moed bymekaar geskrap en die brandoffer geoffer.” (13: 12) Hy wou hulle met sy leierskap inspireer en kon nie wag vir hulle toewyding aan God nie.

7. Inspirerende leierskap en beskikking van die uitkoms van wat gaan gebeur!

Dit is wat die druk van omstandighede vereis, selfbemagterende leierskap en vaste waarborge, nie afwagterende geloof en toewyding aan God se diens nie! Dit is wat kairos-oomblikke in mense uitlok! Om vrees te besweer moet daar inspirerende leierskap wees wat vaste uitkomst in die Naam van God kan verseker!

Onder druk bly gelowiges God vertrou en dien

In beslissende oomblikke kan 'n mens nie afwagtend wees op God se beskikking en staatmaak of toewyding en diens aan God nie. Beslissende oomblikke vereis beslissende leierskap en vaste waarborge van bemagtigde leiers. Godsdien is iets wat 'n mens na die oorwinning met eredienste kan vier!

Kan u sien hoekom verklaar Samuel dat Saul nie die amp as koning oor die volk van God waardig is nie?

Want Saul gaan altyd so koning wees! Hy gaan in elke kairos-oomblik eiemagtig en eiegeregtig sy besluite regverdig omdat hy glo hy God se guns gewen het met offers aan God. Hy gaan nooit mense lei in hul diens en toewyding aan God nie, maar hul inspireer met eiemagtigheid en eiegeregtigheid!

Ons is net só magtig en reg soos ons leier! Ons gaan wen!

Die druk van omstandighede vereis selfbemagtigde leierskap om vreesbevange mense te inspireer met gewaarborgde uitkomste!

Saul se selfbemagtigde leierskap maak geloof in God wat uitkomste volgens sy voorsienigheid en nie volgens offers beskik nie, en toewyding van God volgens God se wet, iets wat nie plek het binne die druk van beslissende oomblikke nie.

Daarom klink Saul se geloof in God só: Ek het nie nou tyd om vir toewyding en diens aan God nie, dit is nou oorlog. Ek moet namens God waarborge gee en mense inspireer om te tree. Diens aan God en waardes van toewyding kan ons na die tyd met offerfeeste vier. Nou moet ons optree met eiemagtigheid en eie-geregtigheid!

8. Dit is die dwaasheid van die druk van die omstandighede!

As jy binne die druk van omstandighede, glo jy moet 'n bemagtigde leier wees wat namens God vaste waarborge en uitkomste gee anders dros mense uit vrees weg van hul plig teenoor God, wat gaan jy na die druk van omstandighede wees?

'n Leier wat glo jy dien God volgens sy wil en dat God alleen uitkomste skik in sy voorsienigheid? 'n Leier wat mense wat aan God toegewy is in hul diens aan God gaan lei?

As jy binne die druk van omstandighede van God net nog 'n afgod maak, hoekom gaan jy God as God eer en dien na die druk van die omstandighede?

Dit is Saul se dwaasheid! As jy begin om koning te wees deur selfbemagtig vaste waarborge oor die uitkoms en toekoms van sake te gee, en mense met jou eiemagtigheid en eiegeregtigheid as kragdadigheid en dapperheid te inspireer – dan is dit ook hoe jy koning na die krisis-oomblik gaan wees.

Dit is die verleidelikheid van die vrees oor geweld!

Dit maak jou iemand wat uit vrees vir geweld nie meer uit jou geloof in God en met jou waardes waarmee jy volgens God se wil leef optree nie, maar krag vind in

Onder druk bly gelowiges God vertrou en dien

selfbemagtiging. Om bemagtigde leiers te skep en in hulle kragdadigheid vaste waarborge te glo!

Dit is om ongelowig nie meer onder druk en in druk, aan God diensbaar te leef nie!

9. Kan daar ooit só iets in gelowiges se lewens wees?

Kairos-oomblikke wat ons dwing om onder die druk van omstandighede en nie meer volgens geloof in die here en volgens die Here se wet te moet optree nie?

Kan daar iets wees soos omstandighede in beslissende en laaste geleenthede wat maak dat ons selfbemagtigend en eiegeregtig moet optree omdat dit nie 'n tyd vir diens aan God is nie?

Al wanneer daar sulke oomblikke in mense se lewens kan wees, is wanneer hulle god nog altyd net 'n afgod was!

Afgode is niks en doen niks in beslissende oomblikke nie! Net soos hulle elke dag niks is nie en niks doen nie!

'n God wat jy met jou offers te vrede moet stel om vir jou te sorg, te bewaar en 'n toekoms te gee, kan in krisis-oomblikke niks vir jou doen nie. Dit weet almal en daarom tree mense in kairos-oomblikke volgens die druk van omstandighede – eie magtig en eiegeregtig op!

Nie omdat dit oomblik dit vereis nie, maar omdat hulle God in sulke oomblikke niksseggend is nie!

10. God is nie Saul se niksseggende afgod nie.

Saul het geen oorwinning met sy offers gegee nie. God het die Filistyne in paniek gedompel deur nog 'n avontuurlustige aanval van sy seun Jonathan terwyl Saul onder 'n granaatboom gesit en wag het omdat hy nie geweet het wat om volgende te doen nie – dit is nou die selfbemagtigde inspirerende leier wat God met offers vaste uitkomst gereël het!

God beskik uitkoms wat Saul nie sien of beplan nie.

God het die Filistyne in paniek gedompel (1 Sam. 14: 20 -23) deur nog 'n gelowige aanval van sy seun Jonathan (1 Sam. 14: 12) terwyl Saul onder 'n granaatboom gesit en wag het omdat hy nie geweet het wat om volgende te doen nie. (1 Sam.14: 2) Eers tree Saul as selfbemagtigde inspirerende leier op wat met offers vaste uitkomst reël omdat hy nie wil wag vir die toewyding van sy troepe aan die diens van die Here nie, en dan gaan sit en wag hy weer omdat hy nie weet wat om te doen nie! God is nie die niksseggende God van Saul se kairos-oomblik nie. Hy is die Here wat deur sy seun se gelowige optrede uitkoms bewerk wat Saul as self bemagtigde leier nie kon voorsien, beplan of bewerk het nie.

Gelowiges ken geen beslissende oomblikke waarin daar nie tyd vir toewyding aan God maar net eiegeregtige kragdadigheid is nie.

Onder druk bly gelowiges God vertrou en dien

As gelowiges tree ons onder die druk van omstandighede op uit ons geloof en toewyding aan God want God is nie ons niksseggende afgod nie Hy is die Here wat alle uitkoms bewerk en beskik – soos Hy die magtige Filistynse weermag sonder die Israeliese weermag paniekerig gemaak het voor paniekerige Israeliete!.

In ons geloof leef ons ook in elke beslissende oomblik in ons lewe volgens ons toewyding aan God – soos Jonathan en nie met eiegeregtige kragdadigheid soos Saul nie. Ons geloof maak ons nie eers haastig en ongeduldig in ons eiegeregtige kragdadigheid en dan weer radeloos afwagend soos Saul nie.

Uit ons geloof in die Here se beskikkende voorsienigheid - leef ons gefokus en beslis in ons toewyding in alles aan die Here

Die drif van kairos-oomblikke waarin God niksseggend is binne menslike eiegeregtige kragdadigheid – is selfgemaakte godlose oomblikke uit minagting vir God se verbondstrou.

Ons vertrou nie op die inspirerende kragdadigheid van prinse nie, maar op God se voorsienigheid.

Geen liefdesoomblik, geen oomblik in besigheid, geen veiligheidsoomblik, geen oomblik in ons volk- en nasie-geskiedenis of kerkgeskiedenis is eiegeregtige kragdadige godlose kairos-oomblikke waarin God na ons tyd sy tyd kan kry omdat ons die beslissende-tyd in ons eie hande neem nie.

Onder druk bly gelowiges God vertrou en dien.